INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 3 0 2 | 8 1 1 0 2 2 2 9 5 | 3 2 9 | 1 2 2 7 3 a |

81 10. 22.

DIE VOLKSBLAD Jg. 77 Nr. ........ P. 1 Dat. ........

# Sabotasie poging by Sasol

**Eie Beriggewer en Sapa**

**PRETORIA. — Nadat 'n hewige ontploffing die klein Oos-Transvaalse dorpie Evander gisteraand geskud het, het 'n ontploffing vandag skade aangerig aan 'n waterpyp by Sasol 3. Sabotasie word in albei gevalle vermoed.**

*Mnr. Johan van Onselen, stadsklerk van Evander, het by navraag aan Die Volksblad gesê 'n bom is gebruik om een transformator van die hoofsubstasie op die dorp op te blaas.*

„'n V-vorm is in die veiligheidsomheining gesny om toegang tot die substasie te kry. Daar is vyf transformators in die substasie en een is verwoes. Die skade is sowat R16 000," sê hy.

Polisiemanne was minute ná die ontploffing om omstreeks 20h45 met honde op die toneel.

Niemand is in die ontploffing gedood of beseer nie.

## Ver gehoor

Inwoners van die dorp het gesê die slag het die dorp om omstreeks 20h45 geruk. Die slag kon kilometers ver gehoor word en het uit die rigting van die hospitaal gekom.

TREFWOORDE

1 Bomontploffing

2 Evander

3 Sasol

4 Sasolburg

5 Pypleiding

6 Stedelike Omgewing

7

8

9

10

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 1 3 1 0 1 2 | 8 1 / 1 1 0 1 2 1 2 1 2 1 9 1 5 | 323 | 1 2 2 7 3 b |

81 10. 22.

DIE VOLKSBLAD Jg. 77 Nr. P. 1 Dat.

„My huis se mure het sekondes lank ná die ontploffing gebewe. Dit was die ergste wat ek nog in my lewe gehoor het. Die krag was kort daarna af," het 'n inwoner van die dorp aan Die Volksblad gesê.

'n Ander vrou vertel dat sy „'n hele entjie" van die hospitaal af woon, maar dat sy die slag baie duidelik kon hoor.

Die krag is eers ná 22h30 herstel.

## *Veiligheidsgebied*

Volgens 'n polisiewoordvoerder in Pretoria is 'n waterpyplyn, wat van 'n filtreeraanleg na Sasol 3 aangelê is, effens in 'n ontploffing beskadig.

'n Woordvoerder vir Sasol het later ook die „sabotasiepoging" vroeg vanoggend buite die „veiligheidsgebied" van die Sasol 1- en 2-aanlegte by Secunda bevestig.

Hy het gesê geringe skade is aan 'n afvoerpyp en vervoerband aangerig.

Die produksie is nie beïnvloed nie en niemand is in die voorval beseer nie. Die polisie ondersoek nog die saak. — Sapa.

TREFWOORDE

1 ..................

..................

2 ..................

..................

3 ..................

..................

4 ..................

..................

5 ..................

..................

6 ..................

..................

7 ..................

..................

8 ..................

..................

9 ..................

..................

10 ..................

..................